

# Kategeet werkblad: 4 September 2011

---

## Teksgedeelte:

Handelinge 14:8-20

## Agtergrond:

Lukas vertel vir die gemeente in Efese dat die lewe van hul predikant en leier (dit is Paulus) baie moeilik was. Die Efesiërs ken dit, want hulle is ook 'n klein groepie in die groot stad Efese. Hulle godsdiens (genoem: "Die Weg" of spottend "Christene") was maar die kleinste van die baie godsdienste in die stad. Hulle het nie eers 'n tempel gehad nie. Hulle het hulle byeenkomste in huise gehou. Hulle leier is nie anders behandel nie.

Paulus genees mense en preek onder beheer van die Here. Daarom vereer die mense vir Paulus en Barnabas asof hulle gode is. Paulus-hulle is baie geskok en keer dit. Paulus en Barnabas vertel eerder van Jesus wat 'n mens geword het. Die mense van Listre moet eerder die Here aanbid en vir Hom offers bring. Hy is groter is as enige Griekse afgod. Daarvan hou die mense nie.

Wanneer die Judeërs van Jerusalem af kom en ook nog slegte goed van christene vertel, verander hulle eer offers in haat en vervolging.

Toe Paulus vir dood buite die stad gelos word, kom staan die gelowiges rondom Paulus. Dan gebeur 'n tweede wonder. Hy staan op en gaan weer in die stad in.

## Verwagte uitkoms:

Gelowiges wys wie God is. God sorg vir mense en hul seer. Gelowiges aanvaar nooit die eer en die aandag vir die sorg wat hulle gee nie. Ons wys net na God. Verder dra ons mekaar. Die gelowiges het hulle net met Paulus vereenselwig en by hom gaan staan. Dit het die gevolg gehad dat hy opstaan van sy beserings en aangaan met sy werk.

## Aksie:

### Die Eiland:

Lig die groep in dat almal van hulle moet verhuis na 'n eiland en elkeen mag net een item saamneem. Elkeen in die groep kry 'n kans om aan die groep te verduidelik wat hy/sy saamvat en hoekom hulle daardie item gekies het.

Wanneer elkeen 'n beurt gehad het om te verduidelik, fasiliteer die groep dat hulle moet kies of hulle die beste kombinasie van items het vir hulle oorlewing. Wat kan hulle saamneem wat vir die groep die beste sal wees? Elkeen mag steeds net een item saamneem.

Jy kan ook deelneem, kies dalk iets sinneloos (en wees moeilik - dring daarop aan dat jóú item móét saamgaan). Kyk hoe die groep dit hanteer.

## Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

## Diamant vrae:

- Bespreek watter items elke kind sal saamvat.
- Bespreek watter items elkeen behoort saam te vat vir die groep om die beste te oorleef.

## Hart vrae:

- Wat aan die verhaal wat ons in die diens gelees het, is anders as wat jy verwag het?
- Hoe voel dit vir jou as mens anders optree as wat die mense om jou verwag?

## Skoppens vrae:

- Wat was vir die gelowiges belangriker as om deur mense raakgesien te word?
- Hoe verskil jou besluit, van wat om saam te neem na die eiland toe, van die besluit wat om saam te neem as groep?

## Klawers vraag:

- Wat gaan gebeur wanneer mense eerder besluite maak wat fokus op God se eer en minder op mense se eie eer?
- Noem voorbeelde van wat sulke tipe besluite sou wees.